**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 928/2004

In die hersiening tussen

**DIE STAAT**

en

**MANNETJIE VAN ROOYEN**

---

**CORAM:** **WRIGHT *et* VAN DER MERWE RR**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **VAN DER MERWE R**

---

**GELEWER OP:** **18 JUNIE 2004**

---

[1] In hierdie aangeleentheid is op 10 Junie 2004 gelas dat die beskuldigde onmiddellik uit die gevangenis vrygelaat word. Terselfdertyd is aangedui dat redes later verskaf sal word. Hierdie redes volg hierna.

[2] Die beskuldigde het in die Landdroshof tereggestaan op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy het op 14 Januarie 2004 onskuldig gepleit op daardie aanklag, waarna die

getuienis van die klaer aangebied is. Die Staatsaak is gesluit na die voltooiing van die getuienis van hierdie enkelgetuie. Vervolgens het die beskuldigde getuienis afgelê en toe sy saak gesluit. Gedurende die betoog van die aanklaer is besluit dat die saak uitgestel moet word ten einde persone op te spoor wat die verhoorhof oorweeg het om as getuies te roep. Die saak is toe uitgestel tot 11 Februarie 2004.

[3] Op 11 Februarie 2004 en weer op 23 Februarie 2004 is die saak uitgestel, sodat dit weer op 17 Maart 2004 voor die verhoorhof gedien het. Op daardie datum, volgens die oorkonde, het die aanklaer die hof foutiewelik meegedeel dat die beskuldigde reeds op 14 Januarie 2004 skuldig bevind is op die aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Weens 'n oorsig het die verhoorlanddros hierdie mededeling as korrek aanvaar. Hierna het die beskuldigde sy vorige veroordelings erken en het beide die beskuldigde en die aanklaer die hof voor vonnis toegespreek. Die beskuldigde is toe gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf.

[4] Vir redes wat nie uit die stukke blyk nie, is die oorkonde vir doeleindes van outomatiese hersiening eers ontvang by die kantoor

van die Griffier van hierdie Hof op 9 Junie 2004. Die oorkonde was begelei deur 'n skrywe van die verhoorlanddros gedateer 2 Junie 2004 waarin hy die aangeleentheid verduidelik.

[5] Soos blyk uit die voormelde uiteensetting, is eerstens nie aan die beskuldigde geleentheid gebied om die hof met betrekking tot die meriete van die saak toe te spreek nie en is die beskuldigde, tweedens, gevonnis sonder dat hy ooit skuldig bevind is. Daar kan geen twyfel wees nie dat die beskuldigde nie 'n billike verhoor gehad het nie. Die reg van 'n beskuldigde om die verhoorhof voor uitspraak toe te spreek, is vervat in artikel 175(1) van die Strafproseswet, Nr.51 van 1977. Kragtens beslissings van hierdie Hof, waarmee ek met eerbied saamstem, het die ontsegging van hierdie reg op sigself, d.w.s. sonder verwysing na die meriete van die saak, tot gevolg dat die betrokke beskuldigde nie 'n billike verhoor gehad het nie. Sien in hierdie verband **S v MABOTE EN ANDERE 1983 (1) SA 745 (O)** en **S v ZINGILO 1995 (9) BCLR 1186 (O)**.

[6] Meer belangrik egter in hierdie saak, is die tweede voormelde

aspek. Dit is na my oordeel ontwyfelbaar fundamenteel tot die reg op ‘n billike verhoor soos bedoel in artikel 35(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, dat slegs ‘n persoon wat skuldig bevind is, gevonnis kan word. Aangesien die beskuldigde gevonnis is sonder dat hy skuldig bevind is, het hy duidelik nie ‘n billike verhoor gehad nie.

[7] Aangesien beskuldigde vir die voormelde redes nie ‘n billike verhoor gehad het nie, het ‘n regskending plaasgevind. Gevolglik moet die verrigtinge en die vonnis tersyde gestel word en word dit so gelas.

**C.H.G. VAN DER MERWE**

**EK STEM SAAM**

**G.F. WRIGHT, R**

/scd